DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 ea
2068 1708

Jaargang 33 Nr. 7 piketberg.bergriviertourism.co.za Augustus 2026 ☎ 022 913 1796

Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00

Kriekeboek Lenteaand Inspirasie

Piketberg se Koerant vir Piketberg se Mense Lees Binne

Waar sien jy?...p2
Van Tonders vier die Liefde...p4
Krugers groet Piketberg...p5
Boys Assembly in Piketberg...p6
Germinate: Toekomsdenke...p8
Piket kry gaste uit Nederland...p10
The Flying Fig se storie...p13
Heléne de Clercq by Leeskring...p16
20 jaar gelede...p20
Junior Speur bevelvoerder...p21
SSS Top 10 kwartaal 2...p22

Skrywer Petro Kotze Odendaal, is op 10 September 2026 die spreker by die NG Kerk Piketberg se Lenteaand. Haar debuutboek *Wanneer die Krieke stil word* verskyn op 1 Junie 2025 en was op 1 Oktober 2025 reeds in haar derde druk.

Die boek is deur ***Maroela Media*** en ***LitNet*** aangewys as een van die **Top Tien lewensverhale** vir die afgelope 100 jaar. Petro het gesprekke gehad op ***Groot Ontbyt***, ***Groot FM***, ***RSG*** het 'n dokumentêr gemaak oor geslagsgeweld en Petro se storie is oor twee programme uitgesaai. Sy kuier twee keer op ***Radio Kansel*** saam met Janine van Niekerk en Bertha le Roux Wahl en met Francois Bois van ***Tygerberg 104FM.*** Sy doen boekgesprekke by oa ***Aardklop*** en is genooi na 2026 se ***KKNK in Oudtshoorn.*** Artikels in ***Sarie***, ***Rooi Rose***, ***Bruis*** en ***Lig*** het gevolg, asook op ***Maroela Media*** en twee keer op ***LitNet***. 'n Uitstekende literêre resensie is deur Nini Bennet Moll op ***LitNet*** geplaas. Petro is 'n voltydse Pastoor van haar eie Bediening Lighuis Familiekerk, asook die Stigter van die NPO Voetlig Bedieninge. Sy is 'n deurwinterde Prediker wat meer as 20jaar preek en die Here se Gees het reeds baie harte aangeraak met haar **getuienis van vergifnis en genesing.** Vir die afgelope vyf jaar is sy getroud met Francois Odendaal, 'n sakeman. Hulle woon buite Klerksdorp op 'n kleinhoewe.

Sy het een seun, Wayne, wat in Potchefstroom woon en studeer aan NWU.

Ons plaas weer die bespreking van die Kriekeboek op p18.



Lenteaand 10 September 2026: Petro Kotze Odendaal kom deel haar lewensverhaal en die pad na vergifnis en genesing. Kom luister, kuier en eet saam in die NG Kerksaal.

AUTOTECH Est. 1991

Business Hours:

Mon - Thur: 08:00 - 17:00
Fri: 08:00 - 16:30
Closed during 13:00 - 14:00 daily

Sat/ Sun/ Public Holidays: Closed

Tel: 022 913 1939
(discontinued from 01 March 2026)
+27 73 248 3279
autotechpiketberg@gmail.com
37 Die Trek, Piketberg, WC

Weskus Grafstene
- Graniet Grafstene
- Nisplate
- Restourasie
- Tweede bewoordings

Kontak:
068 000 9179 /
070 508 4571

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP
SUPERSPAR
BOLAND
•SINCE 1987•

Become a Member of our Promotional WhatsApp Group:



Redaksioneel

Ystervrou staan haar man by in ALLE situasies

Terwyl hy 'n moeilike stryd teen kanker voer, spreek **Dries Rossouw** sy opregte dank uit aan sy vrou, **Carin**, vir die liefde, geduld en onbaatsugtige sorg waarmee sy hom elke dag ondersteun. Sy ry hom na behandelings, staan hom by deur elke moeilike dag en doen alles in haar vermoë om sy pad 'n bietjie ligter te maak. Die Rossouws se lewe is allesbehalwe vervelig! Op Donderdag, 23 Julie, was dit weer tyd vir Dries se chemobehandeling by Panorama Hospitaal. Ná die behandeling, op pad huis toe, net buite Moorreesburg ontdek hulle 'n onverwagse passasier. Tot hul verbasing steek 'n slang skielik sy kop oor die motor se paneelbord uit en beweeg in die rigting van die stuurwiel. Gelukkig is die egpaar redelik ingelig oor slange en besef dis 'n onskadelike bruin huisslang. Sonder om paniekerig te raak, slaan Carin onmiddellik rem aan, maak die motordeur oop, en die slang kies rustig sy eie pad uit. Dries lag en sê die slang het glo eers omgekyk om te kyk waarheen hulle skielik so haastig is! Vir Dries is hierdie net nóg 'n bewys van die besondere vrou wat aan sy sy staan. "Dankie vir alles wat jy vir my doen, vir elke kilometer wat jy ry, elke afspraak wat jy saam met my nakom, en dat jy nie eens vir 'n koudbloedige besoeker skrik nie. Jy is my ystervrou." 'n Mens mors nie met Carin Rossouw nie! **Met liefde, Esna (en Marietha)**



PIKETBERG BLOEDSKENK
KLINIEKE 2026
11h00-16h00
Piketberg Sinagoge
Kerkstraat

20 Aug 30 Sept

Die Piketberger Redaksie

Berigte, Uitleg en Proeflees: Marietha Goosen
☎ 022 913 1796; 083 654 3170
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Rekeninge: Michelle Pretorius
***Volblad:** R580 **Halfblad:** R410*
***Kwartblad:** R280 **Agsteblad:** R200*



Marietha Goosen



Michelle Pretorius

WAAR SIEN JY?

Waar in Piketberg sal jy dié sien?
Whatsapp jou naam en antwoord na 084 511 2886 en kyk in die volgende uitgawe van *Die Piketberger* wie eerste die regte antwoord gestuur het. Die volgende raaisel sal ook daar verskyn....

Kom ons Piketbergers raak meer van ons Erfenis bewus!

Piketberg Erfenis






Piketberg Erfenis

WAAR SIEN JY?

Die leidraad (kenmerk) in die Julie 2026 uitgawe van *Die Piketberger* was:



Die antwoord:
Die Hof/Polisiegebou in Voortrekkerstraat.
Dié gebou se gewel is die enigste halsgewel in die dorp, 'n gewel met 'n skraal boonste gedeelte bo-op 'n breër basis, wat 'n silhoëët skep wat soos 'n langwerpige nek lyk. Dis in 1926 gebou en het eers Piketberg se Poskantoor gehuisves. Die eerste korrekte antwoord was van Leandré Greeff.



info@piketbergmuseum.co.za

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop R1 750 000



2 Slaapkamer Woonstel | 2 Badkamers
Kerkstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R26 000 000



Vrugte-, Blomme- en Buchuplaas | 317 Ha
Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Koop R26 000 000



Koring- en Veeplaas | 616.6 Ha
Wittewater, Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Huur R5000 p/m



1 Slaapkamer Woonstel | 1 Badkamer
Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur



Stoorkamer | Piketberg
3m x 6m: R1400 p/m | 3,5m x 7m: R1700 p/m
Kontak Yolanda: 084 506 4288

Verkoop deur Chris-Fick



4 Slaapkamer Huis | 4 Badkamers
Piketberg

Viering van Liefde




Madré Jacobs en Jacques van Tonder is op 2 Mei 2026 by Nooitgedacht Estate, Stellenbosch in die huwelik bevestig.

Madré skryf…

”Ons troue was grootliks ’n selfdoen spanpoging. Baie van die dekor en persoonlike elemente is deur onsself gemaak/gedroog/gepluk, waarná ’n stilis alles op die dag saamgevoeg en die venue pragtig gestileer het. Ons familie, vriende en gemeenskap het op verskillende maniere tot die dag bygedra. Mense het onder meer gehelp om die koek te versier, konfetti gemaak, blomme en groenigheid geskenk wat ons kon droog, en druiwe, pere en ander elemente vir die dekor voorsien. My talentvolle mamma was deur die hele proses my grootste hulp en steun. Sy het onder meer ons servette gemaak, ons 1,2m-lange troukoek gebak, haar eie rok, asook my “getting ready” rokkie, trourok, sluier en partytjierokkie gemaak.

Ek wil graag spesiale erkenning gee aan Zoë McDonald, wat ons gaste op die dag geskilder het. Sy is ’n ongelooflik talentvolle kunstenaar en het iets besonders en uniek tot ons viering bygedra.

Die belangrikste boodskap wat ons graag wil oordra, is ons dankbaarheid teenoor elke persoon wat hul tyd, kreatiwiteit, hulp en liefde gegee het om die dag moontlik te maak. Dit was vir ons ’n baie persoonlike viering wat deur geloof, familie, vriendskap en gemeenskap gekenmerk is. Ons gee al die eer aan God vir ’n besonder spesiale dag wat ons vir altyd sal koester.





Krugers se agt jaar onder die kruis



Ons wil net hiermee vir julle almal hartlik totsiens sê. Dit was meer as agt jaar, vanaf 1 Julie 2018, toe ons hier ingetrek het te midde van 'n baie erg storm. Ons het net die mooiste ervarings gehad hier saam met Piketberg en die Bergrivier kontrei se mense. Ons het heerlik hier onder die Bo-Berg gebly en neem baie mooi herinneringe met ons saam. Baie dankie vir julle gasvryheid en liefde oor die jare.

Seënwense,
Nicolouw en Elzeth Kruger

Mag julle 'n veilige tuiste hê by Joostenbergvlakte, julle kinders en kleinkinders geniet en altyd vashou aan God, ons Rots.



Kyla van Heerden
Biokineticist

Biokinetics is a specialized healthcare profession that focuses on using exercise and physical activity to prevent and manage various medical conditions and injuries. Biokineticists are trained professionals who assess, prescribe, and supervise exercise programs tailored to individual needs.



BIOKINETIC SERVICES

- **Postural Analysis**
- **Assessment, Evaluation and Exercise Prescription**
- **Orthopaedic Rehabilitation**
- **Chronic Disease Management**
- **Pain Management**
- **Functional Fitness**
- **Sports Performance Enhancement**
- **Corporate Wellness**
- **Home visits**
- **Discovery Vitality Fitness Assessment**

CONTACT

Hoofst 24, Piketberg
kylavanheerden.bio@gmail.com
082 857 4117
www.kineticvitalityhealth.co.za

Boys Assembly held in Bergrivier



Bergrivier Municipality, in partnership with the Department of Social Development, the South African National AIDS Council (SANAC) Men's Sector, and several other stakeholder, successfully hosted its first Boys Assembly at Steynville Primary School in Piketberg on 7July 2026. The initiative brought together approximately 200 boys from across the Bergrivier Municipal Area, providing them with a dedicated platform to engage in meaningful discussions on social ills such as teenage pregnancy, drugs and alcohol abuse, gender-based violence, youth unemployment, school drop-outs, and gangsterism. The programme formed part of a broader commitment to empower young boys by encouraging healthy decision-making, building self-confidence and promoting values that contribute to stronger families and safer communities. Through interactive discussions, mentorship and shared experiences, participants were encouraged to embrace opportunities for personal growth, strive for excellence and become positive role models within their schools and communities.

Deputy Minister of Defence, Honourable General Bantu Holomisa, mentioned that too many young people wake up in the morning without hope and they become victims of gangsterism, drug and alcohol abuse and gender-based violence. “These challenges do not determine your future. Every young boy has an opportunity to grow and make the right choices. It begins with discipline,” said Honourable Holomisa.



The event was also attended by Queen Rebecca Komo of the Nama Royal House, who joined stakeholders in supporting this important youth development initiative.

Bergrivier Municipality recognises that investing in the development of young people is essential to building resilient communities and creating opportunities for future generations. By working collaboratively with government departments, community organisations and other stakeholders, the Municipality aims to strengthen initiatives that support the wellbeing and development of young people throughout the municipal area.

The Deputy Mayor of Bergrivier Municipality, Alderman Mario Wessels, said: “The future of our boys begins at home. Parents, caregivers and communities all have a vital role to play in raising young men who are respectful, responsible and compassionate. Our boys face many challenges. From the influence of drugs and alcohol, to violence, social media pressure and the absence of positive role models. These kind of programmes are so important because it allows our boys an opportunity to learn about positive masculinity, leadership, responsible citizenship and making healthy choices for their future.”

Bergrivier Municipality extends its sincere appreciation to the Department of Social Development, Department of Defence, SANAC Men's Sector, facilitators, special guests, and all other organisations whose commitment and support contributed to the success of this landmark initiative.



The Boys Assembly, a first for the Bergrivier Municipal Area, was held at the Steynville Primary school in Piketberg in July 2026.





www.biermangroup.co.za

A MUST SEE DEAL

A frame (to the value of R1200) and lenses.

Single vision **R1850**
Bifocal **R2150**
Multifocal **R2950**

COME VISIT US AT OUR NEW PREMISES

Piquetberg mall, Shop UL28 (top of the escalators) | **Piquetberg**
Call us: 022 913 1349 | WhatsApp: 082 766 9431

BIERMAN GROBBELAAR
OPTOMETRISTS

RENTL®
ASSET MANAGEMENT


PIKETBERG

Properties Wanted

We have a number of pre-approved tenants and are currently seeking properties to match their requirements.

Lishka Olesen
060 764 6802
piketberg@rentl.co.za

www.rentl.co.za



Saai Sosiale Toekomsdenke



Gedurende Mei 2026 het Germinate, in samewerking met die Piket-Bo-Berg Inwonersvereniging (PBBIV) en die doktorale navorser Anika Keils van die Université Paris-Est Créteil, 'n reeks werkswinkels in Piketberg aangebied onder die naam* Seeding Social Foresight *— die saai van sosiale toekomsdenke, as `n direkte vertaling.

Die bedoeling was eenvoudig, dog gefokus: om die vyf sektore van dorpe — besigheid, geloofsgemeenskappe, plaaslike regering, die akademie en sosiale innoveerders in gesprek met mekaar te kry deur `n werkswinkel, en om saam met die gemeenskap te oefen om 'n voorkeur toekoms te verbeel, met 2076 as horison: die toekoms van kos, gesondheid en welstand in die Piket-Bo-Berg en Rainbow Park, met die gedagte om die Seeding Social Foresight in Piketberg te vestig. Dié vaardigheid word deur UNESCO as die geletterdheid vaardigheid van die 21ste eeu benoem. Die uitkoms was opwindend. Deelnemers het konkrete "aksiesaadjies" geïdentifiseer, van groentetuine en koskennis tot jeugprojekte en ondernemings, en die waardes benoem wat vir hulle saak maak: eenheid, waardigheid, hoop. Die werk word tans deur Anika Keils, onafhanklik bestudeer en nagevors en tussen die vyf sektore word `n netwerk gebou deur kennismakelary. Dit is nie 'n klaarproduk nie; dit is 'n reis wat pas begin het en almal wat wil saambou, is welkom.
Navrae: Deidré Eigelaar, Germinate.



Die volgende *Piketberger* verskyn 3 September 2026

Sperdatum is 25 Augustus 2026

PIKETBERG

UPPER LEVEL SHOP 22 | TEL: 022 913 1054
BOLAND SPAR CENTRE, 54 LONG STREET



WINTER CLEARANCE SALE NOW ON!

ALL LADIES, MENS, GIRLS, BOYS AND INFANTS!

STEP UP TO STYLE & SHOP OUR WINTER CLEARANCE SALE.



BAYSIDE MALL	021 522 9779	GOLDEN ACRE	021 418 3439	PAARL	021 872 0712	WORCESTER	023 342 4754
BEAUFORT WEST	023 415 1060	GRABOUW	021 859 3811	PAROW CENTRE	021 911 3484	WORCESTER-DURBAN RD	023 346 4681
BELLVILLE	021 949 7639	KENILWORTH CENTRE	021 671 0435	PROMENADE	021 376 3719	WATERGATE	021 388 0242
CERES	023 313 1011	KRAAIFONTEIN	021 987 0291	RIVERSDALE	028 713 1519	WYNBERG	021 761 4911
CLAREMONT	021 671 1625	MALMESBURY	022 487 2532	ROBERTSON	023 626 1011	HEAD OFFICE	021 447 4725
EERSTE RIVER	021 902 0209	N1 CITY	021 595 1557	SOMERSET WEST	021 851 5381		
GATESVILLE	021 637 2416	OUDTSHOORN	044 272 0572	VREDENBURG	022 715 3303		
				VREDENDAL	027 213 1079		

Jaco en Jonna by Piket



Jaco Waag en sy vrou Jonna het onlangs Piket Implemente besoek. Jaco is van Nederland en het in 1994 sy 6 maande prakties by Carel van Niekerk Ingenieurswerke gedoen. Hy het gebly by Carel en Christa van Niekerk, Rossouw, links was 14 en Carel , regs was 10 jaar. Jaco het op Autocad van die eerste tekeninge van planters gedoen. Ná sy terugkeer na Nederland, het hy as ingenieur gewerk. Jaco onthou hoe hy destyds saam met Ben Grobler, werkswinkel voorman van Carel van Niekerk Ingenieurswerke na Tsumeb in Namibië gereis het om 'n aartappel uithaler te gaan herstel. Groot was sy verbasing om te hoor dat Ben steeds in Piketberg woon, en dat sy seun, Bennie, en kleinseun, Benco, tans by Piket Implemente werk. Sien die drie generasies onder.



Baba Swemklas Laaste Swanesang



Alison Muller, regs, se laaste baba swemklas Desember 2024: Thomas Tregidga met ma Emma, Ezra Swartbooi met ma Amy, Ben Pieters met ma Karla, en Nina Hansen met ma Jeanine. In die Julie uitgawe is berig dat Alison se Swemskool na 27 jaar sluit.

PIKETBERG
PHYSIOTHERAPY

082-440-8500
piketphysio@gmail.com
1926 Building, corner of Church & Voortrekker Street, Piketberg

Remedial Sports Therapist

Mellissa Williams

Contact:
082 301 0048

Luna Healing

Radie Kotze Hospitaal
Nuwe kontaknommer: 022 913 1013

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)


PQ STORAGE

SPACE YOU NEED. SECURITY YOU DESERVE.

SAFE. SECURE. SIMPLE.

SECURE STORAGE UNITS IN PIKETBERG







IDEAL FOR:

- Household items
- Business stock
- Tools & equipment
- Vehicles & more

CCTV SURVEILLANCE

VARIOUS UNIT SIZES AVAILABLE

SHORT & LONG TERM OPTIONS

CLEAN. DRY. SAFE. CONVENIENT.

Your belongings are in good hands.

GET IN TOUCH TODAY!

062 309 1726

info@pqstorage.co.za

DECLUTTER YOUR SPACE. SIMPLIFY YOUR LIFE.

CONVENIENTLY LOCATED IN PIKETBERG

26 Vervoer Crescent, Piketberg


Piketberg
Blomweek
23-30
Augustus 2026
Welkom
Besoek die mooie Piketberg en ervaar die skoonheid van
ons pragtige fynbos en die hartlikheid van ons gemeenskap.

The Voyager Boutique Homestead Retreat Flying Fig Outdoor Bistro Veranda Café



The Voyager Boutique Homestead Retreat in Piketberg is proud to announce its opening on July 6th, 2026. A luxurious micro-hotel of four individually themed rooms within a sumptuously renovated 1880's farmhouse, the Voyager welcomes visitors to step back in time and experience traditional full-service hospitality with a tangible sense of place and purpose in the historic heart of Piketberg on the West Coast. The boutique homestead retreat invites guests to explore, relax or participate in the regenerative focus of its gardens and farm-to-table menu at its **Flying Fig Outdoor Bistro**, and the **Veranda Café** venues. By way of cooking lessons, build-it-yourself pizza evenings, an outdoor wok station and communal potjie lunches on Saturdays, the Flying Fig's French~Asian~African fusion showcases the influence of the spice trade and the age of exploration on regional cooking on the West Coast, as well as offering classic bistro dishes in an interactive outdoor setting beneath a gigantic wild fig tree. Conceived as a social hub where adventurous souls can mingle in the heartbeat of the agricultural town if they so choose, the Voyager showcases "homestead" farm-to-table resourcefulness, resilience and community cooperation in an age of climate uncertainty.

The bespoke decor, conceived by award-winning global architect, interior designer and co-owner Don Albert is themed 1880:1930:1970 to allow the key moments in which old farm-houses in South Africa were typically altered, to tell their story. Each layer of history expressed invites conversation and learning, and for those old enough to have experienced them first time round, a certain yearning. After the success of the Voyager Boutique Creative Retreat in Bali, and a decade of searching the world for an ideal location for the next chapter of Voyager, architect and boutique hotelier Don Albert chanced upon on picturesque Piketberg when returning to Cape Town from a surf-trip to Elands Bay on the Cape's West Coast. The location's stunning beauty and ideal position as a hub for adventure activities and the appreciation of nature in and around Piketberg is now highly accessible on the upgraded N7 which is only and hour and fifteen minutes drive from Cape Town. The opening of the forthcoming Cape Winelands International Airport will provide even better access for visitors to a tourism frontier in South Africa that is blossoming.

Proprietor's quotes: *"At Voyager we believe that curiosity, luxury and conscientious travel are mutually inclusive. We have partnered with small farmers and collectives in nearly villages to bring the best of what the region can offer to the table and we also grow a lot of our own food on the property."*

"With daily yoga instruction, hiking, heritage tours, a swimming pool and an outdoor bathing terrace for mountain biking groups to unwind in after exerting themselves on the Piketberg mountain, Voyager is about a healthy connection to nature and each other".

"In effect we bought a wild fig tree and simply had to build a retreat around it because it reminded me of cooking in 3-legged pots under the same kind of tree as a boy on our farm on the Natal South Coast in the 1970's."


Bookings can be made directly though the Voyager website: www.voyager-retreats.com
21 Voortrekker Street, Piketberg 7320, Western Cape

The Pool Terrace has four outdoor baths for communal post-ride stargazing.
Experience the best of both worlds - Dorp and Country

Voyager prides itself on providing an authentic, traditional place-based hospitality experience where the guest comes first. We provide old-school, personable charm with super attention to detail, at affordable prices.
Situated on the outskirts of the picturesque historic town of Piketberg, our focus is on the multitude of outdoor and adventure activities that exist in the Bergrivier basin, as well as connecting you to the local culture of the Sandveld. As a hub, Piketberg provides easy access to a number of exciting day-trips including surfing, mountain bike riding, adventure motorcycle routes, hiking, fishing, bird-watching, san rock art, architectural heritage tours and so much more. Our on-site experience is underpinned by our beautiful grounds where we are incorporating a permaculture farm into the existing indigenous garden planted by artist Johan Louw previously.
Stoep - En - Kuier!


Photo: Jani Bester

VLV vier Vrouedag en hou Kongres



Piketberg Vroue Landbouvereniging wil graag met Augustus se Opvoeding en Kultuurbyeenkoms alle dames uitnooi na hierdie spesiale geleentheid, op Donderdag 13 Augustus 2026 om 09h30 in die biblioteeksaal. Met Vrouedag van 9 Augustus in gedagte, is een van die doelstellings van die VLV om vroue te bemagtig deur volwasse opvoeding te verskaf. Lede en gaste word na dié geleentheid genooi om sodoende 'n gesonde gesinslewe op te bou en gemeenskapsbehoeftes aan te spreek. Dames kan kom luister na Thys Smit, wat ook van sy boeke sal uitstal. Hy gesels oor aftrede: Anderkant 65 en daarna! Kom maak nuwe vriendinne, kuier en gesels saam.

Die jaarlikse VLVK Kongres vind vanjaar in Port Elizabeth plaas op 20 en 21 Augustus 2026. Afgevaardigdes van al die takke woon die Kongres by en sodoende word die sirkel in VLVK Kaapland dan verteenwoordig en word die nuwe VLVK Tema en Projek vir 2027 aangekondig.
Piketberg-tak se verteenwoordigers/afgevaardigdes is Nicoline Brown, voorsitter, Dinette Lochner, hoofbestuur – finanslid en Ilse Hanekom, beoordelaar.



Fondsinsameling vir Piketberg Dieresorg

Tans is Piketberg Dieresorg die enigste organisasie in Piketberg wat die sterilisasie van diere van behoeftige eienaars befonds. Hulle help ook deur mediese dienste aan siek en beseerde diere te befonds. Alle sterilisasies en gesondheidsdienste word deur Piketberg se veeartspraktyk gedoen.
Elke R100-inskrywing kan so 'n dier help en boonop staan jy 'n kans om 'n prys ter waarde van R7 000 te wen. Die prys sluit 'n buffet ontbyt vir twee mense vir die twee dae in. Sien aanwysings op die foto links en ondersteun Piketberg Dieresorg. Inskrywings vir hierdie prys sluit 31 Augustus 2026.

Nuwe Brilraam 'Tracer' by Van Der Westhuizen Oogkundige

Die Brilraam 'Tracer' by Van Der Westhuizen Oogkundige is die nuutste toevoeging in toerusting wat pasiëntediens verbeter.







MANGO
EYEWEAR

R99 Eye Exam

Until End of July 2026
T's & C's Apply

Van Der Westhuizen
Oogkundige

Visie & Oog Sorg

Dienste sluit in:

- Kinder Oog Sorg
- Volledige Ondersoeke / Verskeie Bril opsies
- Infeksie beheer / Foreign Body Removal
- Kontaklense & Oplossings
- Pakket Opsies / Lay-Buy beskikbaar



Jeep
EYEWEAR

STEPPER
EYEWEAR

PB 022 913 1747

CD 022 921 2024

VDWOptometris.co.za

Kat in die Sak



15 jaar gelede ná die Kitshoffdogters se troues, foto links, is pa Michiel se troupak na die droogskoonmakers op Malmesbury gestuur. Die pak het, steeds netjies toegewikkel in die droogskoonmakersak, van die plaas af dorp toe getrek. Verlede maand, toe Marianne die sak oopmaak, net om te kyk of die pak nog pas, sien sy dat dit nooit Michiel se pak in die sak is nie. Sy vind 'n handgemaakte dubbelbors grys pak, foto regs, sonder grootte of handelsmerk aangedui, met breë lapelle. Nou wonder die Kitshoffs, met die kat in die sak, is daar iewers iemand wat nog na sy pak soek.

Kommunikasie deur Anita

Daar word beweer dat ons era die vinnigste vorder tov kommunikasie. Op die platteland was ons bekend met die riemtelegram. Dit was 'n noodsaaklikheid. Wie van julle onthou nog die sentrale se stem wat "nommer asseblief" vra wanneer jy die slinger draai. En iewers tydens 'n gesprek "drie minute om"? Ons was vasgenael voor die TV met die reeks Nommer Asseblief. Die plaaslyne met die unieke lui-tone is soortgelyk aan vandag se facebook. As Oupa en Ouma se 2 kortes en 1 lange lui, was sekeres tog te begerig om in te luister. Ouma het gereeld die persone aangepraat en beduie dat die praatjie vandag nie interessant genoeg is om in te luister nie. Sommige het selfs beleef "dankie" geantwoord. In die middel 90's tref selfone ons, 'n wonderlike uitvindsel. Nou ry dit saam waar jy gaan. Teksboodskappe, whatsapps en video calls in alle vorme het die wêreld klein gemaak en almal ewe bereikbaar gemaak. Die selfoon doen sy naam, slimfoon, gestand, want as jy verdwaal, is daar 'n stem wat help. As jy inkopies wil doen, bestel sommer daar. Vind enigiets uit oor enige onderwerp, en die antwoord is in die palm van jou hand. Wonder jy hoe om 'n seker verf te gebruik, of 'n kraan te vervang of 'n nuwe breipatroon te leer, raadpleeg Youtube. Die ergste is, wanneer jy nog met jou vriende oor iets praat, wat gebeur die volgende oomblik? Advertensies, raad en prosedures oorval jou, ready or not. Vroeër jare, as ek opkyk na die hemel, sien ek die son, die blou lug, die wolke en saans die sterre en die maan. As ek nou fyn korrel en my verbeelding gebruik, sien ek derduisende seine, elkeen op sy eie missie. My slotsom? Ouma hou nie meer by my, kinders kom help, want julle word slim(foon) gebore.

Heléne de Clercq by Leeskring



Skrywer Heléne de Clercg besoek Piketberg Leeskring en bespreek haar kinderboeke 'Die Emmerskoplys' en 'Die BOBBOB-reeks'. Langs haar is Sonja Lambrechts en agter is die biblioteekpersoneel Damerine Kayster, Gerna Croeser, Crazentia Swarts en Viyouneffer Simpson.



Jackie Ferguson by 'n deel van die asemrowende uitstalling wat sy gemaak het vir Heléne de Clercq se boekbespreking.



Links is BOBBOB die Robo-Meerkat , 'n deurlopende karakter in die BOBBOB-boeke, geskryf deur Marion Erskine en Heléne de Clercq. Daar is nege boeke in die reeks wat elk in een van Suid-Afrika se provinsies afspeel.



Leeskring in die Biblioteeksaal
Woensdag 19 Augustus 2026 09:30
Vlug deur Wilna Adriaanse
Groepsbespreking


PIKETBERG MUSEUM

Blomweek 2026



Dit was al breekware, handwerk, blom-items, glas, blougoed en 1920's....
In 2026 is dit hout-items. Moet dit nie misloop nie!!

24-29 Aug



Piketberg Museum

Houtuitstalling

Ja, dit is amper weer tyd vir Blomweek 2026 en ek het jou hulp nodig, asseblief?! Elke jaar kies ons 'n tema by Piketberg Museum wat ons dan met ons plaaslike blomme kombineer vir ons Blomweek-uitstalling. Dié jaar is ons tema HOUT. Ek soek enige mooi of interessante hout-items om uit te stal. Dit hoef nie outydse goed te wees nie.

Kan jy my asseblief help? Indien wel, kontak my by 084 511 2886 sodat ons kan reëlings tref. Ek sal die items by jou kom haal tydens die week van 17 Aug en dit weer veilig terug besorg aan die einde van Blomweek. Die items sal by die museum, onder toesig, uitgestal word. En as jy van iemand anders weet met mooi hout-items, vra hulle asb ook.

BAIE dankie
Marié Ehlers Piketberg Museum

Blomweek 2026

24-29 Augustus 9h00 - 16h00

Piketberg Blomweek(r)



Maak 'n Blomweek-voëlverskrikker en wen R1000!

Help ons om besoekers vir Blomweek te verwelkom met voëlverskrikkers en blomme op die lamppale vanaf die N7 tot in Kerkstraat.
Die sluitingsdatum om voëlverskrikkers by Piketberg Museum in te handig is ***Woensdag 12 Augustus.***

Kontak gerus vir Reinet (084 702 0027) by die NGK Kantoor of Marié (084 511 2886) by die Piketberg Museum. Hulle sal vir jou 'n inskrywingsvorm gee/stuur.
Daarop is al die riglyne waarna die beoordelaars gaan kyk asook die vereistes vir jou voëlverskrikker.



Piketberg Blomweek

Besoek Piketberg en kom geniet hierdie pragtige skouspel van plaaslike fynbos by die:

NG Kerk Piketberg
23-30 Augustus 2026
Daagliks van 10:00 tot 16:00
asook by die:
Piketberg Museum
24-29 Augustus 2026
Daagliks van 09:00 tot 16:00
(beide in Kerkstraat)

Piketberg Museum Kerkstraat 022 913 2177

Op die Rakke van die Biblioteek

Wanneer die Krieke stil word
deur Petro Kotzé-Odendaal



Bespreking deur Nolie Eksteen
(Hierdie artikel word herhaal twv 10 September 2026 se Lenteaand spreker. Sien voorblad.)

Petro Kotzé-Odendaal is ’n radio-omroeper en ’n bekende pastoor in Noordwes. Sy preek en skryf, gebore uit die harde leerskool van die lewe, nie om te oordeel nie, maar om te motiveer. Die roman handel in die breë oor die verlammende siklus van slagofferskap en intergenerasie-trauma.”Seer mense maak seer”, maar dan eintlik oor vergifnis. Die vierjarige Petro vertel van haar alkoholis-pa, van die disfunksionele, brandarm gesin waaruit sy kom, en haar eerste herinneringe aan haar pa wat haar ma aanrand. Sy word ‘n vegter in hierdie huis waaruit sy kom. Sy het ‘n PA wat gewelddadig en dronk is, en ‘n PAPPA wat sag en liefdevol kan wees. Sleg is net dat hulle nooit weet watter een by die deur instap nie. Tussen haar gevoel van haat teenoor, en jammerte vir haar pa, leer sy die pyn van tweeledige liefde ken. Ongelukkig sou dit ook ’n herhalende siklus word in haar persoonlike verhoudings met mans, soos haar kêrel, Jakes, en haar man, Adriaan. Haar ma leer haar hoe om lief te wees en lief te bly vir ‘n monster – haar pa en haar man. Sy onthou later in haar huwelik soveel van haar pa se optrede, wanneer haar man, Adriaan, dieselfde dinge doen. Vir Petro is haar ma “‘n sterk vrou, sterker as Simson”. Sy beskerm haar kinders en stel hulle bekend aan God en Sy beskerming en troos. Haar ma word later jare ook haar kleinkind se buffer teen sy verslaafde, gewelddadige pa.

Dwarsdeur haar kinderjare leer sy dat God haar beskermer is en altyd naby is. Sy ervaar dat God se engele soms mense in gewone klere is. Dit is ‘n wete wat haar hele lewe by haar bly en haar dra. Sy word in die Volle Evangeliekerk in Orkney gedoop en hoor duidelik hoe die Heilige Gees vir haar fluister: ”Petro, jy moet hulle vergewe en vergeet wat teen jou oortree.” Vergifnis kom egter moeilik en met tyd. Jakes is ‘n aantreklike man. Sy ontmoet hom in haar Gr11-jaar. Hy is ‘n wolf in skaapsklere, ‘n manipulerende narsis, wat Petro sielkundig afknou en ander verhoudings met vroue het. Hy word die wig tussen haar en vergewe. Dit is Adriaan, wat haar eerste eggenoot word, al is hy 7 jaar jonger as sy. Dit was op p81 “die uitdrukking in sy oë, die seer trek om sy mond” wat sy raaksien. Adriaan sélf is getraumatiseer agv besluite wat hy in sy jeug neem. Hy begin drink en gebruik dwelms – en die siklus van geweld waaraan Petro as dogtertjie blootgestel was, word voortgesit. Sy ervaar God as haar enigste toevlug. Toe Adriaan in die rehabilitasiesentrum is en die pastoor nie opdaag vir die diens nie, is hy die een wat sê sy vrou is ‘n pastoor en kry sy die geleentheid om ‘n boodskap te bring, in dieselfde kapel waar sy gaan bid het toe haar eie pa daar was. Met tye gaan dit beter met hul verhouding tot sy ‘n naweek vir hom gaan kuier. Sy los hul seuntjie by haar ma. Sy bly ongerus voel oor die naweek, maar God verseker haar Hy is by haar. Die aand gaan koop Adriaan dwelmmiddels, wat tot sy dood sou lei. Voordat hy sterf, bel hy haar ma en vra haar om mooi te kyk na “sy laaitie”. Hy verseker sy seuntjie van sy liefde vir hom en dat hy trots is op hom. Dan bedank hy Petro. Hy sterf van die dwelms wat hy gerook het – stil in sy slaap. Hy was skaars 29 jaar oud. Petro stig die geestelike koerant *Voetlig* - die begin van haar eie loopbaan, gebore uit die diepste nood. Ook hierdie pad is nie sonder uitdagings nie. Dwarsdeur die roman sien Petro egter die hand van die Here en al raak die geloofspad al steiler, slaag sy telkens daarin om die ondenkbare te oorwin – ook depressie, borskanker en ’n angsversteuring. ‘n Sterk tema deur die verhaal is dié van verslawing en vergifnis. Mense is dikwels “verslaaf” aan kwaad wees vir ander. Slegs deur vry te stel en te vergeef, sal jyself verlos word. Vergifnis kom egter dikwels te laat en daardie wroeging hou jou vas. Onthou dat waar en wat elkeen van ons is, is slegs genade. In die skrywer se eie woorde: ”Dat daar lewe ná vergifnis is. Vergifnis is die grootste liefdesdaad wat jy aan jouself kan bewys. Liefde kry altyd ’n tweede kans. Jy is nie ’n produk van wat met jou gebeur nie. Jy is ’n produk van God se genade en hoe jy kies om te reageer op dit wat met jou gebeur.” Op p62 haal sy woorde uit ‘n liedjie van Juanita du Plessis aan:

“As ek eendag moet terugkyk op my lewenspad, dan sien ek elke draaitjie, elke kronkelpad, die spore van my lewe was lankal reeds bepaal, elke tree vertel ‘n ou verhaal. Elke afdraaipaadjie sien ek duidelik raak, maar deur dit alles Heer het U oor my gewaak. En oral in die donker het U my weer kom haal, want U weet elke kind kan soms verdwaal. Sonder dat ek weet het U my altyd vasgehou, en sonder dat ek weet het U genade my omvou. Al my lewensdrome het U in U Hand bewaar, Liewe Heer, U was nog altyd daar.”

Die volgende Piketberger verskyn op
3 September 2026
Sperdatum is 25 Augustus 2026.

Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto’s na diepiketberger@gmail.com

Nuus en foto’s word gratis geplaas, danksy die adverteerders wat betaal.

PHS Interskole vs HSP
Saterdag 15 Augustus 2026
Tuis

PHS Matriekafskeid
Vrydag 21 Augustus 2026

THE OUTPOST
FAMILY RESTAURANT

FOR AUGUST ONLY!

Tuesday
400G RIB
FOR ONLY
R139.99



Sunday
PIZZA SPECIAL
Excluding Mexican Pizza
ALL PIZZAS FOR
R99.99



Wednesday
KIDS EAT FREE!
ORDER ANY MAIN MEAL AND GET A KIDDIES MEAL FREE.
1 KIDS MEAL PER MAIN MEAL



Good Food. Great Times. Outpost Style.
DINE-IN | TAKE-AWAY

Haarbande vir SPS







Kloksgewys is Elouis Julius, B Mdabuli en Stacey Booys met haarbande vir Steynville Primêre Skool se gr 2- 3- en 1-dogters. Die NG Kerk se Wol Warm Winter breispan het 655 haarbande gebrei vir SPS en die dogters is in hulle skik.

Die volgende projek is Troospoppies vir getraumatiseerde kinders, wat meestal deur maatskaplike werkers gebruik word.

Cape Leopard Trust





Gedurende die afgelope Julievakansie het twee van SSS se Graad 8-leerders, Nickease Somers en Andrea Salomo, die Cape Leopard Trust Conservation Camp naby Yzerfontein bygewoon. Dit was 'n week vol pret, leer, avontuur en spanbou.

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede – Augustus 2006
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
20 bladsye R1,00
Rubriek: Clare Menck publiseer inligting aangaande Sheila Cussons, soos verskaf deur Amanda Botha.

Voorblad: Kinderkuns par excellence deur Ester Smit en Ryna Boonzaaier, leerders by die Coetzee Ateljee. **Annelie Venter, Johan Louw en Clare Menck se portrette hang in Kaapstad.** Huldeblyk: Hettie Krige. **Tweejaarlikse sangfees met Hoërkool Charlie Hofmeyr, Swartland, Porterville en Piketberg was 'n fees.** Interskole PHS vs Hopefield op 19 Augustus. **Liezel Joubert, uitruilstudent, skryf uit Duitsland.** Piketbergers reik uit na Mosambiek, terugvoer. **CAD-skaap is gewen deur Ianette Louw.** Duitse uitruilstudente kuier by Leani Cillié, Antoinette Le Roux en Jacques du Preez. **Fourie Lotz se CEA bemarking in volle swang.** Kekkel en Kraai se nuwe eienaars is Hannes en Sharne Groenewald. **Paartjies wat trou, is Theo Craven en Esmuré Smit, Ian de Villiers en Corzelle Smuts en Richard Booth en Shani Coetzee.** Moraviawyk bedien sop by die Bergrivier rubberbote tbv die kankervereniging. **Redelinghuys NG Kerk vier Eeufees.** Nanette Olivier speel vir Boland Netbal o/19. **PHS susters Jaydine en Shané Warnick presteer puik in sport.** NQF borg PHS-afrigters se tops. **Tarentaaljag op 2 September tbv Franse rugbytoer.**

Stik & Stoffeer

Christo: 083 399 7988
Linda: 083 501 3637
022 913 3326
oregonandmore@telkomsa.net

- Stoffering van banke en stoele
- Motorsitplekke
- Trekkersitplekke / Bakkiesitplekke
- Wye reeks stoffeer– en gordynmateriale om van te kies en bestel
- Restourasie van meubels
- Geskenke en Dekor
- Slyp van messe

Langstraat 59, Piketberg
Reg oorkant AGRIMARK

~ Waar mooi maak en nuut maak nooit ophou nie! ~

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

Dr Stephanie Strydom
Winelands Diabetes

info@winelandsdiabetes.co.za
www.winelandsdiabetes.co.za

021 863 0101
079 608 5747

Main Road 42A, Paarl
Hoofstr 24, Piketberg

Sterre in eie reg





PHS se William Booth, links, is gekies vir die Boland Krieket o/13 Winter Oefengroep. Saam met hom in die groep is Jordaan Redelinghuys en TJ Kok van Laerskool Porterville, wat saam die Bergrivier streek verteenwoordig. Steynville Primêr se Khloë Dreyer, regs, was deel van die Weskus o/12-netbalspan, wat 15-18 Julie 2026 aan die Interdistrik Netbaltoernooi in Bredasdorp deelgeneem het.

Beste in Weskus Distrik



Inshaaf Petersen, leerder aan Steynville Sekondêre Skool, het op 28 Julie saam met leerders in die Weskus Distrik speur opleiding ontvang. Inshaaf is gekies as die Weskus Distrik Junior Speurbevelvoerder. SAP Piketberg en SSS is trots op hierdie prestasie.



Kla-een Kla-twee Kla-drie Kla-vier

PHS se Wian van Wyk slaag Unisa Klavier Graad 1 met Eervolle vermelding (75%). Hier is hy saam met sy musiekonderwyseres, Komien van der Westhuizen.

Steynville Sekondêr se Top 10 Kwartaal 2 2026



Graad 8: 1. Connique Engelbrecht, 2. Tarryn Segakweng, 3. Jomari Franse, 4. Alzandre Adams, 5. Raydon Faro, 6. Xhaviar Klifas, 7. Grace-Lee Fredericks, 8. Bryan Lesch, 9. Shermin Ceylon, 10. Jailee-Ann Zoutman



Graad 9: 1. Taloghan Swarts, 2. Alex Hahn, 3. Liam Erasmus & Inshaaf Petersen, 4. Elzano De Wee, 5. Yardley Swarts, 6. Leshey Adams, 7. Duene Smith, 8. Danielle Hector, 9. Preston Booys, 10. Laney Muller



Graad 10: 1. Gerden Engelbrecht, 2. Selwyn Swarts, 3. Jerandia Booys, 4. Charmell Basson, 5. Lee-Shay Oks, 6. Leeshay Stuurman, 7. Andrea Januarie, 8. Ru-Zhaan Rosenberg, 9. Laqisha Muller, 10. Jay-Lee Gal



Graad 11: 1. Shane-lee Dirks, 2. Jerome Afrikaner, 3. Rudighar Swarts, 4. Michante Jagers, 5. Ciara Julius, 6. Amy Le Fleur, 7. Shanielle Witbooi, 8. Marshall Fortuin, 9. Camelete Jacobs, 10. Lucille Moore



Graad 12: 1. Mickay Smith, 2. Wilber Fredericks, 3. Winetha Booysen, 4. Cassidy van Wyk, 5. Elnay Jacobs, 6. Kaynisha Williams, 7. Jody-Lee Swarts, 8. Denecia Solomons, 9. Shaquille Engelbrecht, 10. Shauneeq Barron



I PIQUETBERG MALL I
PROUDLY INTRODUCES

NOW Open!


vida e caffè

PIQUETBERG MALL

GREAT COFFEE. GOOD FOOD.
Great Moments.

We're thrilled to welcome you to **vida e caffè** at Piquetberg Mall.
Come and enjoy your favourite coffee, delicious treats and the vibrant vida experience.







PREMIUM COFFEE
Made with passion

DELICIOUS FOOD
Fresh & tasty options

FRIENDLY SERVICE
A team that cares

BOARDROOM FACILITY
Perfect for meetings, presentations & small gatherings

We are open

MONDAY – SATURDAY
7:00am – 6:00pm
SUNDAY
7:00am – 2:00pm



UPPER LEVEL
PIQUETBERG MALL

I PIQUETBERG MALL I

Proud to bring great brands and great experiences to our community.

PIQUETBERG MALL
Where our community comes together.

I PIQUETBERG MALL I

WE'RE HIRING!

JOIN OUR TEAM

Be part of a dynamic team shaping the future of **Piquetberg Mall** – the heart of the Bergrivier region.



MARKETING COORDINATOR

The Marketing Coordinator is responsible for planning, coordinating, and executing all marketing, promotional, and community engagement activities for **Piquetberg Mall**. You'll play a key role in increasing foot traffic, supporting tenant success, strengthening our brand, and positioning **Piquetberg Mall** as the preferred shopping and community destination in the Bergrivier region.

MAKE AN IMPACT
Plan and execute marketing campaigns, events and promotions that bring our community together.

BE CREATIVE
Manage social media, create engaging content and grow our brand across all platforms.

BUILD CONNECTIONS
Work with tenants, partners and community organisations to strengthen relationships and drive success.

GROW WITH US
Be part of a vibrant team at the centre of retail and community life in Piketberg.

DRIVE RESULTS
Identify revenue opportunities and help grow the mall through innovative marketing initiatives.

MINIMUM REQUIREMENTS

- Diploma or Bachelor's Degree in Marketing, Communications, Public Relations, Business Management or related field.
- Proven experience in marketing campaigns, events and promotions.
- Experience managing social media and creating digital content.
- Must reside in Piketberg or surrounding area or be willing to relocate.
- Strong knowledge of the local community, businesses, schools and key stakeholders.

SCAN ME TO APPLY

APPLY NOW!
Submit your application via our Indeed job listing.

PIQUETBERG MALL
Piketberg, Western Cape